

## 4 Mei

## Jakobus 1:9-18, (Teks: 1:9)

### ***Wat moet 'n arm gelowige se gesindheid wees?***

Tussen arm en ryk mense beslaan daar 'n kloof. "Die ryke heers oor die arme", het Salomo gesê. Hy sê egter ook "voor die Here is ryk en arm gelyk." Arm mense kyk gewoonlik jaloers, maar ook met bewondering na welvarendes en ag hulle self minderwaardig en sien armoede selfs as 'n skande.

'n Mens kan dit begryp, want armoede is dikwels 'n verleentheid; dit lei tot gebrek, tot skuld wat ophoop en tot baie kwellinge.

Maar het u wat arm is al gehoor van die besondere perspektief van ons teks? Dit lui so: "'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin **verheug** dat God hom **aansien** gee!"

Dit verplaas dadelik ons fokus - weg van geld na die lewende God self. Geld is nie 'n basis vir ons geluk en tevredenheid nie, maar ons verhouding tot die Here bepaal ons geluk. Hoe het Hy ons status en aansien gegee? Hy het ons deur sy geliefde Seun losgekoop van die verderf, ons tot sy kinders aangeneem en ons die ewige lewe geskenk.

In en deur Christus ons Verlosser is ons ryk, want ons is sy mede-erfgename. En Hy leer ons om ons nooit te kwel oor wat ons sal eet of drink of aantrek nie. Die rede? "Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het."

Wees dus bly in die Here omdat Hy aan sy kinders die hoogste aansien gee.

Sing: Psalm 146:5

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)